

LAERSKOOL ELARDUSPARK

MERIETE BELEID

INLEIDING

Laerskool Elarduspark glo dat elke leerder wat akademie, sport en kultuur in die kleure van die skool beoefen, daarvoor erkenning moet ontvang. Erkenning word ook gegee aan leerders wat ekstern (buite skoolverband) op sport- en kultuurgebied presteer. Daarom word die meriete proses breedvoerig hieronder uiteengesit.

ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS TOEKENNINGS GEMAAK WORD

- 'n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit.
- 'n Vlam is 'n spesiale toekenning.
- Wanneer 'n leerder die eerste keer kleure/diploma verwerf kan hy/sy 'n balkie aankoop (geel) vir die spesifieke aktiwiteit wat op die baadjie aangewerk kan word. Wanneer kleure/diploma 'n tweede keer toegeken word, word 'n hertoekenning ontvang. Tydens meriete-aand word slegs 'n Diploma sertifikaat uitgedeel wat her- toekenning bevestig.
 - Indien die leerder 'n derde keer kleure/diploma vir dieselfde aktiwiteit verwerf, word 'n goue balkie ontvang wat op die baadjie aangebring kan word in die plek van die geel balkie. (Geel balkie moet verwyder word)
- Die meriete beleid word van tyd tot tyd geëvalueer en veranderinge kan gedurende 'n jaar aangebring word.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die meriete beleid opgeneem is nie, sal op meriete deur die komitee oorweeg word, met inagneming van die algemene riglyne.
- **Die finale beslissing ten opsigte van toekennings berus by die organiseerders en die meriete komitee.**

AKADEMIE – MERIETE

UITGANGSPUNT/BENADERING

Akademie is die belangrikste prioriteit om ons leerders toe te rus vir 'n mooi toekoms. Dit is vir ons van kardinale belang om 'n konsensieuse ingesteldheid, deursettingsvermoë en toewyding by ons leerders aan te wakker.

Gereelde en sistematiese studie vorm 'n positiewe komponent van sukses op die akademiese terrein. 'n Hersieningsrooster aan die hand van afgebakende werk, opsommings en die uitwerk van ou vraestelle, word sterk aanbeveel.

Die hele personeel onder leiding van die koördineerders en bestuurspan besluit saam op watter wyse ons 'n leerder wil beloon vir die akademiese prestasie wat gelewer word.

Die bestuurspan en koördineerders behou die prerogatief om in grens- en of meriete-gevalle deurslaggewende besluite te neem. Besluitneming word altyd tot voordeel van ons kinders gedoen.

Terugvoering vanaf ons hoërskole, toon duidelik dat ons akademie op 'n hoë standaard is.

Koördineerders

Grondslagfase

Me. Rachel Joubert.

Intermediêre- en Seniorfase

Me. Rentia Fourie en Me. Erika Möller.

Toekennings in Grondslagfase

Akademiese toekennings in die Grondslagfase:

In die Grondslagfase ontvang elke leerder 'n toekenning.

Die toekenning wat die leerder ontvang is vir die vak waarin hy/sy die beste presteer het. In sommige gevalle kan 'n leerder vir meer as een vak 'n toekenning ontvang. Dit word egter saam op een sertifikaat aangedui. Hulle ontvang 'n sertifikaat van verdienste.

Toekennings in Intermediêre- en Seniorfase (Gr. 4-7)

Die volgende toekennings word gemaak:

- 'n Silwer sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 75% tot 79,9% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Goue sertifikaat vir 'n gemiddelde % van 80% tot 84,9% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Medalje en 'n diploma vir 'n gemiddelde % van 85% tot 100% vir al vier kwartale in dieselfde jaar.
- 'n Sertifikaat van verdienste word toegeken vir leerders wat 'n 10% verbetering op hulle gemiddelde kwartaalike % toon en daardie % handhaaf.

- 'n Top 10/20 presteerderlys sal kwartaaliks aangekondig word in Gr. 4 – 7. Die top 20 akademiese presteerders sal alfabeties aangekondig word vir Gr. 4 – 6 en die top 10 akademiese presteerders sal in stygende prestasie orde aangekondig word in Gr.7.
- Leerders wat gedurende die jaar vanuit 'n ander skool aansluit by die leerderkorps van Laerskool Elarduspark sal erkenning vir hulle akademiese prestasies ontvang gebaseer op die riglyne hierbo.
- Nuwe leerders wat aansluit by Laerskool Elarduspark sal nie in aanmerking geneem word vir die Top 10 Presteerderslys wat aan die einde van die jaar bekend gemaak word nie.
- Gr. 4 – 6 Top-tien word alfabeties aangekondig by merieteaand.

Uitstekende akademiese prestasies

- In Gr. 7 word 'n ere-penning toegeken aan leerders wat 'n 7 behaal (80%+) in alle vakke in al 4 kwartale in dieselfde jaar.
- In Gr. 7 word 'n dux leerder aangewys – dit is die leerder wat algeheel die beste in die graad gedoen het na al 4 kwartale in dieselfde jaar. Hy/sy ontvang 'n goue sertifikaat en 'n groot vlam.
- In Gr. 7 ontvang die beste presteerder in elke vak 'n trofee en 'n goue sertifikaat Die leerder wat in aanmerking kom vir die toekenning moes al die formele toetse geskryf het (Kwartaaltoetse sowel as eksamen).
- Om 'n ere-penning te ontvang of in aanmerking te kom vir die Dux-toekenning moet 'n leerder gedurende die eerste 4 kwartale al die formele assesserings van Laerskool Elarduspark voltooi het.

WETENSKAP EKSPLO

Interne Wetenskap Ekspo

- Goud – sertifikaat van verdienste

Noord-Gauteng Ekspo

- Goud – Kleure
- Silwer – Goue sertifikaat
- Brons/Meriete – Silwer sertifikaat

Nasionale Wetenskap Ekspo

- Nasionale deelname – Klein vlam
- Vier jaar deelname aan Noord-Gauteng – Klein vlam
- Goud by Nasionaal – Groot vlam

ROBOTIKA

Robothon en Klofie kompetisie

- 1ste plek – Sertifikaat van Verdienste

WRO:

1ste plek – Kleure

2de plek – Goue Sertifikaat

3de plek – Silwer Sertifikaat

- Deurdring na SA's – kleure

First Lego League junior:

Kry sertifikaat van verdienste vir deelname en silwer sertifikaat vir die wen van 'n toekenning .

First Lego League senior:

Tydens deelname aan streekskompetisie

1ste plek – Kleure

2de plek – Goue Sertifikaat

3de plek – Silwer Sertifikaat

- Deurdring na SA's – kleure
- Eerste plek Nasionaal – Groot vlam

Wenners van die volgende afdelings in die streekskompetisie ontvang ook kleure:

- Innovative solution award
- Robot game
- Presentation award
- Robot design
- Robot programming

Indien 'n span Goud verwerf by die FLL Nasionale Kompetisie, ontvang die lede van die span 'n Groot vlam.